SUID-AFRIKAANSE RADIOLIGA

SARLNUUS SONDAG 17 OKTOBER 2004

U luister na amateurradiostasie ZS6SRL van die Suid-Afrikaanse Radioliga, die nasionale vereniging vir amateurradio in Suid-Afrika, met 'n nuusbulletin wat elke Sondag om 08:15 Sentraal Afrika Tyd (SAT) in Afrikaans en om 08:30 SAT in Engels uitgesaai word.

Hierdie bulletin is ook op die webwerf van die SARL by www.sarl.org.za en op pakketbulletinborde beskikbaar sowel as per Echolink vanaf ZS6FCS.

STIL SLEUTEL

Peter John (Mac) McNicol, ZS4PMJ, ex ZS5PMJ ex ZE2KI, het op 3 Oktober heengegaan. Mac is in 1925 in Salisbury, Rhodesië gebore. Na die oorlog (hy het in die vloot diens gedoen) het hy sy eie tuisgemaakte stel gebou en onder die roepsein ZE2KI gewerk. Hy het in die Rhodesiese weermag diens gedoen en twee jaar in Maleisia deurgebring. Met die opbreek van die Federasie bedank hy uit die weermag. Hy het in 1963 na die RSA verhuis en in 1965 weer na Rhodesië teruggekeer waar hy tot 1980 in Shamva gebly het. Daarna hy en sy oorlede vrou weer na die RSA getrek en het hy vir 'n paar jaar 'n ruskans van amateurradio gehad.

Na die dood van sy vrou Susan was hy weer gedurende 1994/5 in Venterstad aktief. In 2001 het hy na Paulpietersburg getrek en was hy ZS5PJM tot Junie 2003 toe hy na Welkom getrek het as ZS4PJM. Mac het in Julie 2004 'n beroerte gehad en weer aan die einde van Augustus 2004 wat hom baie gestremd gelaat het.

Hy sal baie gemis word deur sy dogters Teresa, Norma en Susan en hulle eggenotes. Ons bied aan hulle, sy ander familie en vriende ons meegevoel in hul groot verlies.

(POUSE)

In die nuus vandag

PRESIDENT SE NET

HAMNETVERGADERING

OPGRADERING VAN SARL- EN OKOSADATABASISSE

KLUBNUUS

Bly ingeskakel vir meer besonderhede hieroor en ander nuusitems. Besoek ook die SARL se webblad of skakel die SARL-kantoor wat vanaf 09:00 tot 13:00 op weeksdae oop is by telefoon 011 675-2393 vir inligting oor hoe om by die SARL aan te sluit, boekverkope en alle verwante amateurradio-aangeleenthede.

Die SARLnuusdiens nooi klubs en individue om nuus aangaande amateurradio op die webwerf van die SARL te plaas by www.sarl.org.za/newsinbox.asp nie

later nie as die Donderdag wat die bulletin voorafgaan. Indien moontlik doen dit asb in Afrikaans sowel as Engels.

U luister na ZS6SRL en die nuus volg in besonderhede:

PRESIDENT SE NET

Die President se Net is goed in sy nuwe tydgleuf ontvang. Verlede Sondag is die net op dieselfde wyse as Integnet bedryf en om 19:15 uitgesaai. Daar was eenstemmigheid dat in die toekoms om 19:00 begin moet word, gevolg deur Integnet om 20:00. Datums vir die volgende paar maande sal volgende week aangekondig word. In sy inleiding het President Graham Hartlett die vooruitgang van die SARL op verskeie fronte toegelig. Jy kan na 'n geredigeerde weergawe daarvan luister op die SARL se webblad nl. www.sarl.org.za.

AMERIKANERS AANVAAR KRAGLYNKOMMUNIKASIE

Soos deur die ARRL verwag is, het die FCC gewysigde reels aangeneem om spesifiek die gebruik van die tegnologie van breëband oor kraglyne (KLK)te reguleer. Terselfdertyd het drie lede van die kommissie, insluitende die voorsitter Michael K. Powell, spesifiek melding gemaak van die besorgdheid van amateurradiooperateurs uitgespreek by die ope vergadering en het versekerings of hoop uitgespreek dat die nuwe KLK-regulasies geredelik die steuring aan gelisensieerde dienste sal aanspreek. Republikeinse FCC-kommissaris Kevin J. Martin het Amateurradio en uitsaaidienste se besorgdheid oor steurings in sy geskrewe verklaring aangespreek. ARRL President Jim Haynie, W5JBP, het gesê dat hy bemoedig is met die Kommissie se skuif vanaf die vroeë dae van KLK, toe dit die leiding van die KLK-industrie gevolg het en grotendeels die steuring aan amateurs as die groot vraag geïgnoreer het.

"Wat die Liga in die afgelope jaar en 'n half aan hierdie saak gedoen het, het vandag by hierdie publieke vergadering van die kommissie uitgekom," het Haynie gesê. Hy het die FCC se goedkeuring van die drie grootste sake waarvoor die Liga betoog het uitgelig nl: Sertifisering van KLK-toerusting ipv. verifiëring, 'n vereiste vir 'n openbare BLP-databasis- iets wat die KLK-industrie nie wou hê nie- en meganismes om vinnig met steuringsklagtes af te handel.

Die SARL sal hierdie week 'n besprekingsdokument aan OKOSA voorlê en probeer om verskeie vrae rondom kraglynkommunikasie in Suid-Afrika te bespreek. Daar is tans verskeie maatskappye wat KLK op 'n klein skaal toets . "Ons soek deursigtigheid aangaande hierdie proewe en versekering dat genoegsame steuringstoetse uitgevoer word," het SARL President, Graham Hartlett, ZS6GJH, gesê. "Die SARL is nie teen nuwe ontwikkelings nie, maar dit behoort nie ten koste van amateurradio en ander radiodienste te wees nie. Onder huidige regulasies mag telekomunikasiemaatskappye vir tot ses maande toetse uitvoer. Ons het tot nog toe geen gepubliseerde resultate gesien nie," het hy gesê.

Luister na Amateur Radio Mirror International om 10:00 vandag (Sondag 17 Oktober)vir 'n breedvoerige oorsig oor kraglynkommunikasie wat oudiosnitte

van die FCC-vergadering sal insluit sowel as voorbeelde van wat KLK aan amateurradio kan doen. Die program word op 17,815, 9,750 en 7,082 MHz en op verskeie herhalers uitgesaai. 'n Herhaling van die program kan Maandag om 20:00 op 3 215 kHz gehoor word.

AMATEURRADIO HET JOU ONDERSTEUNING NODIG

Daar is twee maniere hoe jy Amateurradio nou en in die toekoms kan ondersteun. Eerstens deur 'n lid van die Suid-Afrikaanse Radioliga te wees en tweedens deur die Trust se fondsinsamelingsveldtog vir Suid_Afrika se lidmaatskap van die Internasionale Amateurradiounie te ondersteun.

Die vraag oor lidmaatskap is al baie keer gedebatteer en die vraag wat ek uit lidmaatskap kry is vele kere gevra. Die antwoord is baie eenvoudig: die beskerming en toekoms van amateurradio. Al die ander byvoordele is addisionele bonusse. Vir die SARL om 'n sterk stem te hê is dit nodig dat so veel moontlik, indien nie alle nie, radioamateurs deur hom verteenwoordig word. Die belangrikheid van verteenwoordiging in 'n nasionale vereniging is weereens hierdie week bewys toe die Amerikaanse reguleerder, die FCC, die ARRL versekerings gegee het aangaande steurings deur kraglynkommunikasie.

Indien jy alreeds 'n lid is, dankie vir jou ondersteuning. Indien jy nognie 'n lid is nie, sluit nou by ons aan. Skakel die SARL-kantoor Maandag by 011 675 2393 of sluit aanlyn aan deur www.sarl.org.za te besoek.

Die tweede manier om amateurradio te ondersteun is deur 'n donasie aan die IARU-fonds te maak. Die SA Amateurradioontwikkelingstrust is besig om fondse in te samel vir die SARL se ledegeld. Die bedrag wat geïn moet word is R12 000. Tot op hede is daar net oor die R3 000 geïn. Jy kan jou bydrae elektronies oordra. Die rekeningnommer is 560 142 722 by ABSA Menlyn, takkode 335-645. Jy kan ook 'n tjek stuur aan SA Amateurradioontwikkelingsfonds, Posbus 90438, Garsfontein 0042. Indien jy elektronies oordra stuur asb. jou naam en adresbesonderhede aan saardt@intekom.co.za of per faks aan 012 991 5651. Jou ondersteuning sal baie waardeer word. Verlede jaar is die volle bedrag ingesamel en het dit vir die SARL moontlik gewees om weer by die IARU aan te sluit. Tyd word min om te hernu, dra asseblief nou by.

HAMNETVERGADERING

'n Algemene vergadering van Hamnet sal op Saterdag 23 Oktober by die Nasionale Amateurradiosentrum gehou word. Die vergadering sal stiptelik om 14:00 begin en alle HAMNET-lede, of diegene wat belangstel om HAMNET-lede te word, word versoek om dit by te woon. Dit sal waardeer word indien items wat tot die agenda bygevoeg moet word, of items wat bespreek moet word, so spoedig moontlik aan Francois gestuur sal word. Francois se e-posadres is zs6buu@uskonet.com of jy kan hom bel by 011-679-5620.

OPGRADERING VAN SARL EN OKOSA SE DATABASISSE

In vorige bulletins is melding gemaak van die feit dat die SARL 'n afskrif van die

ICASA-databasis vir amateurs ontvang het. Daar is heelwat foute en weglatings daarin. Die Raad vra dat alle klubvoorsitters en/of -bewaarders hul rekords so gou moontlik op die aansoek/opgraderingsvorm wat op die SARLwebwerf beskikbaar is op datum bring (voor of op 31 Oktober 2004). Die vorm kan in elektroniese formaat voltooi en per e-pos gestuur, of uitgedruk en gepos word aan die SARL. Alle digiherhalers, skakels, BBS'e, APRS-digiherhalers en ander onbemande stasies moet 'n lisensie hê. Die inligting sal dan gekorreleer word, vul dus die vorm asseblief volledig in. Jou samewerking in hierdie verband sal waardeer word. Die vorm is ook op pakket beskikbaar. Vir nadere besonderhede, kontak Kobus Conradie, ZR6D, Tel. 082 881 1164, of per e-pos kobus@letsplayradio.co.za.

KLUBNUUS

DANKIE

'n Spesiale woord van dank aan al die amateurs wat die afgelope vlooimark op 2 Oktober by die Oosrandklub bygewoon het. Julle teenwoordigheid het die klub 'n lekker hupstoot gegee.

Geluk aan die wenners van die 70 cm Slimjimantennas geborg deur SAMS's Radio Accessories. Dankie Sam. Die wenners is Joppie van Lill, ZR6JVL, van Springs en Johann Scheepers, ZS6WD, van Boksburg.

Ook geluk aan Danie van Wyk, ZS6VWD, van Secunda, die wenner van die 2 meter radio geborg deur OK Doepie ZS6BDD. Dankie Doepie.

Lootjies vir die BHF/UHF versterker is steeds beskikbaar by OK Pieter Jacobs, ZS6XT en die trekking is by ons volgende vlooimark aan die begin van Februarie 2005.

CQ de ZS6SRC

Die Hoëveld Seiljagklub vier fees. Hulle word 20. Secunda Amateurradioklub, ZS6SRC, gaan daar 'n stalletjie beman om amateurradio aan al die seiljagvaarders, kanovaarders, vlotbouers, bergfietsryers, perderuiters en breë publiek bekend te stel. Om in ons doel te slaag het ons JOU inset nodig. Gee ons asseblief 'n kontak op 80 m, 40 m, 20 m of 145,7125 MHz. Vir die geleentheid is 'n tydelike ECHOLINK-skakel bewerkstellig met roepsein ZS6ACT. Rig jou antennas op 'n identifiseerbare ruimtevoorwerp, ons beplan om ook satelliettoerusting daar te hê. Dit alles gebeur op Saterdag 23 Oktober vanaf 8:00 SAT tot laat. As die RF nie die ding wil doen nie, kom besoek ons dan by Trichardtsfonteindamontspanningsoord.

SASOLBURG RADIOKLUB

Sasolburg Radioklub, het Algemene Jaarvergadering gehou. Ons het in 'n spoggerige restaurant by die Emarald Casino gaan eet. Wat 'n fees!!

Die nuwe bestuurslede wat vir 2004/2005 verkies is, is: Voorsitter: Riaan Greef, ZS4PR; Visevoorsitter: Louis Haarhoff, ZR6LH; Sekretaris: Sharon Schoeman;

Tesourier: Flip Britz, ZS4GE; QRX-Nuusbrief: Flip Britz, ZS4GE; Tegniese lede: Ockerd Taljaard, ZR6ZL; Johan Steyn, ZS4SS; Addisionele Lid: Ruaan Schoeman , ZR3RMS.

NUWE KOMITEE VIR WOLKBERG ARK

Die volgende lede is onlangs verkies om tot die bestuurskomitee van Wolkberg Amateurradioklub in die Limpopo Provinsie nl:

Voorsitter: Gert, ZS6GVD; O/voorsitter: Willem, ZS6WI; Sekretaris/Tesourier - Karel, ZS6WN (ex. ZS6BPJ); Ander Lede (Tegnies): Paul, ZS6NK; Willem, ZS6WAB; Mike, ZS6BBD; Sysop: Danie, ZS6DVZ.

Alle amateurs en belangstellendes in die noorde word hartlik uitgenooi om by die klub aan te sluit as julle nog nie lid is nie. Skakel die Sekretaris by 082-890-4783.

Baie dankie aan al die uittredende komiteelede en sterkte word toegewens aan die nuutverkose komitees vir die werk wat voorlê.

VOORTPLANTINGSVERSLAG

Kobus, ZS6KOB, sê dat vanaf 21 September die sonvlekgetal bykans konstant gebly het. Dit is uitsonderlik, gewoonlik styg dit na 'n hoogtepunt of daal na 'n laagtepunt of beweeg op en af. Die afgelope week was gekenmerk deur buitengewoon min aktiwiteit. Daar was geen noemenswaardige koronaopeninge op die sonoppervlakte nie - ook nie geomagnetiese aktiwiteite op die son nie. Dit lyk of die son met vakansie is! Die sonvlekgetal was Donderdag slegs 30,2 teenoor verlede week se 36,9- die vorige week was dit 34,9.

Voorspellings vir die komende week lyk swak. Ten spyte van hierdie swak toestande was daar tog heelwat aktiwiteite op die 20 m-band, veral na die Ooste. Dit blyk ook dat die bande besonder vroeg toemaak- so vroeg soos 19:00. Die tipiese somerpatroon het beslis nog nie gevestig nie.

DAGBOEK VAN GEBEURE

23 Oktober: HAMNET Algemene vergadering; 31 Oktober: Sorg assblief dat jou data voor hierdie datum by die SARL opgegradeer is; 18 November Volgende RA-eksamen.

Die SARL nooi u om Sondae om 10:00 na Amateur Radio Mirror International op 17 815, 9 750 en 7 082 kHz en 145,625 MHz in die Oos Londen-, 145,650 in die Durban-, 145,750 MHz in die Pretoria- en 438,800 MHz in die Sandtongebied te luister. 'n Heruitsending kan Maandagaande om 21:00 SAT op 3 215 kHz gehoor word. ARMI word deur Telkom en Sentech geborg.

Dit bring ons aan die einde van hierdie bulletin wat saamgestel is deur Gustav, ZS6BWN, en gelees is deur ……. vanuit …… as 'n diens aan radioamateurs, kortgolfluisteraars en elektronikaentoesiaste.

U het geluister na ZS6SRL en baie dankie dat u by ons aangesluit het. Dankie ook aan diegene wat items vir die bulletins verskaf en aan al die amateurs wat

so gereëld die herleidings waarneem.

Hierdie Afrikaanse uitsending eindig nou en SARLNUUS wens u 'n aangename week toe.

Totsiens almal.

/EX